

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
29 Augustus 1976

Onderwerp: Hoe ver is die nag?

Lees: Jesaja 21 verse 1 tot 12

Teks: Jesaja 21 vers 11

Sing: Gesang 11 vers 1
Gesang 156 verse 1 en 3

“Jesaja het onverskrokke moed aan die dag gelê toe hy in hierdie teks die val van die Babiloniese ryk aangekondig het. Dit was ’n gebeurtenis wat vir die volk Juda van betekenis sou wees, omdat Babilon immers die dorsvloer was waarop Juda soos koring gedors is. Die val van Babilon sou vir hierdie volk verlossing gebring het.

“Die wagter op die stadsmuur het ’n treffende beskrywing van homself gegee: ‘En hy het geroep soos ’n leeu. Op die wagtoring, Here, staan ek gedurig by dag, en op my wagpos stel ek my al die nagte.’ (Jes 21:8) Dit was die beskrywing van ’n troue Godsgeant. Hy moes dag en nag op sy pos wees en niks meer, maar ook niks minder verkondig as wat hy gesien en van die HERE verneem het nie. Hy moes dit soos ’n leeu doen, sonder vrees en sonder aansiens des persoons. Wee die wagter, het Eségiël gesê, wat nie die geluid van die basuin helder laat weerklink nie.

“Wat sal van ’n volk word as die wagter roep: ‘Vrede, vrede’ (Jer 6:14, Eség 13:10), terwyl die swaard naderkom? Dit sal niks anders as verraad wees nie.

“Jesaja se profesie was ook vir Edom (Seir) van groot betekenis, omdat ook Edom enkele jare ná Jerusalem deur Babilon oorrumpel is. En terwyl Juda so ’n gunstige antwoord van die wagter ontvang het, wou Edom ook weet wat sy uiteindelike lot sou wees.

“Helaas, die antwoord aan Edom was ’n bittere teleurstelling. Dit was feitlik ’n oordeel. Die wagter het geheimsinnig en terselfdertyd ook spottend gesê: ‘Die môre kom, en ook die nag.’ (Jes 21:12)

“Wat het dit beteken? Hoe kon die môre en die nag tegelykertyd kom?

“Die geskiedenis van Edom werp lig op hierdie antwoord. Toe hierdie profesie uitgespreek is, het Edom gebuk gegaan onder die juk van Assirië. Daar het

spoedig 'n ligstraal op die donker toneel geval, toe Sanherib, die koning van Assirië, tot 'n val gekom het. Dit was 'n gebeurtenis wat beskou kon word as die aanbreek van die dag. Die verligting was egter van korte duur. Edom is hierna deur Babilon oorwin, daarna deur die Medo-Perse, gevolg deur die Griekse-Macedoniërs en uiteindelik deur die Romeine.

“Edom het dus herhaaldelik 'n kort periode van lig ervaar, wat spoedig weer uitgedoof is deur 'n terugkerende nag. Edom het uiteindelik van die aardse toneel verdwyn en weggesink in die ewige stilte.

“Edom was nie tevrede met die antwoord: ‘die môre kom, en ook die nag’ nie. Hulle het herhaaldelik teruggekom en gevra: ‘Wagter, hoe ver is dit in die nag?’ (Jes 21:11) Dit was soos 'n sieke wat nie kan slaap nie en aanhoudend vra hoe laat dit is.

“Die wag het uiteindelik spottend daarop geantwoord: ‘Wil julle vra, vra; keer terug, kom.’ (Jes 21:12) Kom terug so dikwels as wat jy verkies. Die antwoord bly dieselfde: ‘Die môre kom, en ook die nag.’

“Broers en Susters, verskillende mense vra die vraag: ‘Wagter, hoe ver is dit in die nag?’

“Die ernsgesinde kinders van die HERE is bekommerd as hulle let op die nagtelike duisternis van ongeloof, goddeloosheid en wellus wat die samelewing verlaag en verdierlik. Hulle is bekommerd as hulle let op die gevolge van die sonde, naamlik rassehaat, onluste, oorlog, armoede en ellende. Hulle is bekommerd oor die toekoms van die opkomende geslagte. Geen wonder nie dat hulle soms met diepe smart vra: ‘Wagter, hoe ver is dit in die nag?’ Wanneer sal die duisternis opklaar en die môrestond weer aanbreek?

“Daar is ook groot getalle ongelowiges wat hierdie vraag vra.

“Dan is daar ook die ontwaakte sondaar, wat onrustig word oor sy sonde. Terwyl ander rustig slaap, het hierdie persoon geen rus nie. Hy dwaal deur donker eensame strate. Hy is bekommerd en roep uit met 'n erns wat hy nie kan bedwing nie: ‘Wagter, hoe ver is dit in die nag?’ Ongelukkig is daar min van hulle. Hulle is die uitsondering.

“Hierteenoor toon die ligsinnige spotters weinig onrus oor die duisternis wat hulle omring. Hulle is ongevoelig vir die roede van God. Die enigste bekommernis wat hulle het, is om te midde van al die ellende en jammer, soveel plesier en genot as moontlik

te kry. As hy per toeval die wagter aantref, vra hy spottend: Wagter, jy met jou ernstige gelaat en gedurige waarskuwings, hoe ver is dit in die nag?

“In die meeste gevalle wag die ligsinnige spotter nie eers op ’n antwoord nie, maar spoed voort op die pad van sonde. Maar wee hom, want daar sal ’n dag kom dat hy die wagter sal lastig val en in alle erns sal vra: ‘Wagter, hoe ver is dit in die nag? Wagter, hoe ver in die nag?’ (Jes 21:11) Dan sal die wagter ook vir hom sê: ‘Wil julle vra, vra; keer terug, kom.’

“Wat die verharde sondaar betref: Wanneer die roede van die HERE swaar word, wanneer die pestilensies voor sy deur woed, of rampe hom van sy besittings beroof, dan onderneem die sondaar ook ’n sodanige pelgrimstog na die wagter. Hy doen dit nie om hom van sy sondeweë te bekeer nie. Hy wil slegs weet wanneer die volgende periode van verligting sal aanbreek, sodat hy ongehinderd kan voortgaan met sy bose luste. Maar daar sal ’n dag kom dat hierdie sondaar die wagter sal lastig val met die vraag: ‘Wagter, hoe ver is dit in die nag?’ Is daar nog hoop? Maar hy sal verniet klop, want as die deur eenmaal gesluit is, sal dit vir altyd te laat wees.

“Die antwoord: ‘die môre kom, en ook die nag’ het ook betrekking op die lewens van die kinders van God. Daar is ook ’n afwisseling van lig en duisternis, soos by sondaars. Ook hulle vra: ‘Hoe ver is dit in die nag?’ Maar Goddank, soos vir Juda, breek die lig vir hulle deur na ’n tydperk van dorsvloer beproewing.

“Hierteenoor was dit vir Edom anders. Hulle het tevergeefs na die wagter gegaan en het uiteindelik weggesink in nagtelike duisternis. Edom het tot ’n einde gekom. Dit sal die lot wees van die vyande van die HERE en van die ligsinnige spotters en verharde sondaars. Die persoon wat die môrestond verwag, sal deur die nag oorval word.

“Mense word ongeduldig wanneer die wag so aanhoudend teen die sonde waarsku. Hulle wil eerder die boodskap op ’n strelende wyse hoor. Maar Eségiël waarsku dat beide die wagter en die hoorder voor God verantwoording sal moet doen.

“Goddank, voor die laaste nag van oordeel kom, kom daar in elke mens se lewe die môrestond van genade, van uitnodiging en geleentheid. Die son van geregtigheid het opgekom. Jesus Christus is u Verlosser. Neem u toevlug tot Hom om gered te word.

“Kind van God, as u soms kleingelowig word as u let op die toestand rondom u, onthou God het alles in sy

hand. Niks sal gebeur sonder God se toestemming nie. Sy volk is verlig, selfs in die donkerste nag. Op sy bestemde tyd sal dit weer lig word.

“Amen.”

Kommentaar:

Hoe ver is óns nag? Ons is op die vooraand van die groot verdrukking, wat volgens die *New Age* Beweging die kulminasie van Babelse doelstellings sal wees. Ons het reeds 'n voorsmaak van daardie donker nag.

Maar dit word reeds lig op die horison. Die dagbreek is aan die kom. Volgens Bybelse profesie gaan die eindtydse verdrukking net sewe jaar duur, waarna God self die magte van duisternis sal vernietig. Dit is 'n tydperk wat 'n mens kan oorleef. Volgens Bybelse profesie sal daar Christene wees wat dit sal oorleef. Dit gaan op God se bestemde tyd weer lig word.

Kan dit wees dat die HERE ons sal gebruik om die Evangelie deur hierdie donker tyd te dra? Dat die chaos en anargie wat tans in Suid-Afrika die hoogty vier, ons sal verskans teen die genadelose vervolging wat Christene in die ontwikkelde wêreld gaan ondervind?

En net soos Edom is die Westerse wêreld besig om, tot hul eie ondergang, siende blind en horende doof agter Satan aan te loop.

